NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELEBRONONTLEDING

1.1 *Gebruik jou eie kennis en verduidelik hoekom Kuba by Angola betrokke geraak het. Skryf TWEE punte neer.*

[VLAK 1]
- Sterk historiese bande tussen Kuba en Afrika.
- Fidel Castro het hom verbind tot internasionale kommunisme – MPLA van die begin af ondersteun.
- Castro wou nie hê dat apartheid na Angola moes versprei nie, aangesien Suid-Afrikaanse magte aktief in die streek was en UNITA ondersteun het.

[Enige twee relevante redes] (4)

1.2 *Beskryf die atmosfeer in die foto. Verwys na TWEE visuele leidrade in die foto om jou antwoord te ondersteun.*

[VLAK 2]
- Opgewonde en vriendelik, selfs triomfantelik.

- Glimlaggende gesigte, vriendelike uitdrukkings.
- Handskud – positiewe lyftaal.

[Beskrywing van atmosfeer = 2 + TWEE visuele leidrade om beskrywing te ondersteun = 4] (6)

1.3 *Watter "Angolese vegters" sou die soldate op die oewer van die rivier waarskynlik wees?*

[VLAK 3]
- MPLA (2)

1.4. *Hoe kon die Angolese regering hierdie foto moontlik as 'n propagandastuk gebruik het? Gee EEN omvattende punt.*

[VLAK 4]
- Hulle het dit dalk gebruik om hul militêre bekwaamheid te bevorder.
- Om hul meerderwaardigheid oor ander vegters te wys.
- Om hul sterk bande met die internasionale kommunistiese gemeenskap (in hierdie geval Kuba) as 'n pro-kommunistiese party (MPLA) te toon, as deel van die Koue Oorlog.

[Kandidaat se antwoord moet begrip van propaganda toon] (2)

IEB Copyright © 2022

1.5 *Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie foto vir historici wat die Angolese Burgeroorlog bestudeer. Verskaf DRIE punte.*

[VLAK 4]

- Dit is 'n primêre bron – foto wat geneem is nadat Kubaanse soldate MPLA-magte bygestaan het om die regering teen UNITA- en SA-aanvalle te verdedig – vang 'n gebeurtenis vas wat destyds plaasgevind het.
- Dui op die samewerkende, gemoedelike verhouding tussen MPLA en Kubaanse soldate, verskaf bewyse dat Kubaanse soldate en Angolese regeringsmagte saamgewerk het.
- Dui die soort uniforms aan wat gedra is.
- Dui sukses aan (minstens geïmpliseer) van die onlangse militêre samewerking teen SA en UNITA – atmosfeer van oorwinning en viering. (6)

[20]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 TEKSTUELEBRONONTLEDING

2.1 *Gebruik die bron en lys DRIE doelwitte van die Britse Anti-Apartheids-beweging.*

[VLAK 2]
- "... om die Britte oor apartheid in te lig ..."
- "… om 'n veldtog te voer vir internasionale optrede om die apartheidstelsel te help beëindig …"
- "… om met Suid-Afrikaanse organisasies wat hul teen apartheid beywer, saam te werk en hulle te ondersteun …"

[DRIE doelstellings uit die bron = 6 punte] (6)

2.2 *Verskaf in jou eie woorde TWEE redes uit die bron wat verduidelik waarom die Britse regering voortgegaan het om die Suid-Afrikaanse regering te ondersteun, ten spyte van druk om dit nie te doen nie.*

[VLAK 2]
- Sowel die VK as SA het voortgesette handel met mekaar as noodsaaklik/belangrik beskou.
- SA is vanweë sy strategiese ligging as belangrik in die stryd teen die USSR tydens die Koue Oorlog beskou.

[TWEE akkurate verduidelikings in eie woorde, nie aangehaal nie = 4 punte] (4)

2.3 *Hoe suksesvol was die AAB, volgens die bron? Verskaf TWEE aanhalings om jou antwoord te staaf.*

[VLAK 6]
Slegs 'n mate van sukses, nie ten volle:
- "… Dit het lande wêreldwyd uiteindelik ontmoedig om in Suid-Afrika te belê of geld aan Suid-Afrika te leen en dit was die grootste eksterne mag wat bygedra het tot die val van die apartheidsregime ..."

Maar:
- "… Nie al hierdie, en vele ander AAB-aktiwiteite, was volslae suksesse nie …"

[Standpunt = 2 punte + 2 punte elk vir TWEE aanhalings] (6)

2.4 *Gebruik jou eie kennis en noem TWEE soorte boikotte wat die AAB wou hê om druk op die Suid-Afrikaanse regering uit te oefen om te verander.*

[VLAK 1]
- Sport
- Kultureel
- Akademies
- Verbruikersgoedere

[ENIGE TWEE akkurate boikotte = 4 punte] (4)

[20]

VRAAG 3 HUIDIGEMEDIA-ONTLEDING

3.1 *Gebruik die bron om die doel van die opmars in Maart 1965 vanaf Selma na Montgomery te verduidelik (paragraaf 1). Skryf TWEE punte neer.*

[VLAK 2]

- om teen die moord op die stemreg-aktivis Jimmie Lee Jackson aan die hand van wetstoepassers te betoog.
- om die stryd om stemreg te dramatiseer. (4)

3.2 3.2.1 *Gebruik jou eie kennis om te beskryf wat die Stemregwet van 1965 ten opsigte van stemreg bepaal het. Skryf DRIE punte neer.*

[VLAK 1]

- Die wet het die gebruik van geletterdheidstoetse verbied,
- voorsiening gemaak vir federale toesig oor kiesersregistrasie in gebiede waar minder as 50 persent van die swart bevolking nie geregistreer het om te stem nie,
- en die Amerikaanse prokureur-generaal gemagtig om die gebruik van stembusbelasting in staats- en plaaslike verkiesings te ondersoek.

[ENIGE DRIE relevante/akkurate punte] (6)

3.2.2 *Watter ikoniese burgerregtewet is in 1964 aanvaar, die jaar voor bogenoemde wet deurgevoer is?*

[VLAK 1 EN VLAK 2]

- Burgerregtewet (2)

3.3 3.3.1 *Verduidelik die verband wat in hierdie artikel getref word tussen die optog vanaf Selma en huidige kwessies in die VSA rakende stemreg.*

[VLAK 4]

- Net soos die Selma-optog daarop gemik was om gelyke stemreg in die VSA te verseker omdat swartes se stemreg in die VSA "bedreig" was, so word huidige stemreg ook bedreig.
- Demokrasie – in die vorm van stemreg vir almal – is by Selma bedreig, asook deur 'n poging tot 'n staatsgreep en nuwe wetsontwerpe om uitbreiding van stemgeleenthede te beperk. (2)

3.3.2 *Verskaf DRIE bewyse uit paragraaf 3 wat die verband waarna in Vraag 3.3.1 verwys word, ondersteun.*

[VLAK 4]

- Verhale van kiesersbedrog word deur Trump en ondersteuners voortgesit,
- as 'n manier om kiesers te probeer onderdruk,
- soos gesien kan word in 253 wetsontwerpe wat ingedien is om stemgeleenthede te beperk.

[DRIE relevante punte] (6)

[20]

60 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord die vrae wat volg.

Verwys na Bron A

4. *Verduidelik waarom die Swart Mag-beweging 'n "keerpunt" in swart-wit verhoudings beteken het.*

[VLAK 2]

- Die Swart Mag-beweging het 'n tyd gekenmerk waarin 'n beslissende verandering in swart-wit verhoudings plaasgevind het – een wat meer vyandig was.

[ENIGE akkurate beskrywing] (2)

5. *Die skrywer beweer dat swartes die middele gehad het om hul sosiale en ekonomiese posisie in die samelewing te verander. Verskaf EEN aanhaling uit paragraaf 1 wat aantoon hoe dit gedoen kon word.*

[VLAK 2]

- "… Swart Mag-voorstanders het swartes aangemoedig om algeheel swart politieke partye te vorm of daarby aan te sluit wat 'n formidabele magsbasis en 'n grondslag vir ware sosio-ekonomiese vooruitgang kon bied …" (2)

6. *Hoe het die Swart Mag-beweging 'n gevoel van trots op erfenis deur kuns en kultuur bevorder? Skryf DRIE punte.*

[VLAK 2]

- Vir die eerste keer is swartes in die Verenigde State aangemoedig om hul Afrika-erfenis te erken.
- Kolleges en universiteite het swartstudieprogramme en -departemente gestig.
- Swartes wat grootgeword het met die geloof dat hulle van 'n agtergeblewe volk afstam, het nou uitgevind dat die Afrika-kultuur so ryk en divers soos enige ander was, en hulle is aangemoedig om trots op daardie erfenis te wees.
- Die Swartkuns-beweging, wat deur sommige beskou word as verbind met die Swart Mag-beweging, het in die 1960's en 1970's gefloreer.
- Jong swart digters, skrywers en visuele kunstenaars kon uiting gee aan hul kreatiwiteit en dit met ander deel.

[ENIGE DRIE relevante punte] (6)

IEB Copyright © 2022

7. *Gebruik die bron en verduidelik TWEE maniere waarop die Swart Mag-beweging die stryd vir rassegelykheid belemmer het, volgens die skrywer.*

[VLAK 2 EN VLAK 4]

- Dieselfde gees van rasse-eenheid en trots wat die Swart Mag-beweging so dinamies gemaak het, het dit ook problematies gemaak – en vir sommige gevaarlik.
- Baie wittes, en 'n aantal swartes, het die beweging beskou as 'n swart separatistiese organisasie wat daarop gemik was om swart en wit te skei en die belangrike werk van die burgerregtebeweging ongedaan te maak.
- Die oplossings wat sommige Swart Mag-leiers voorgestaan het, het skynbaar net nuwe probleme geskep.
- Sommige het voorgestel dat swartes paramilitêre opleiding ontvang en wapens dra om hulself te beskerm.
- Alhoewel hierdie individue volgehou het dat hierdie voorstel uitsluitlik ter wille van selfverdediging was en nie 'n oproep tot geweld nie, was dit steeds ontstellend om te dink aan gewapende burgerlikes wat in die strate rondloop.

[ENIGE DRIE relevante/akkurate punte] (4)

Verwys na Bron B

8. 8.1 *Hoe prominent was vroue in die Swart Mag-beweging? Verskaf TWEE bewyse uit die bron om jou antwoord te staaf.*

[VLAK 6]

- Redelik/baie prominent:
- Het teen die einde van die 1960's minstens twee derdes van die organisasie uitgemaak.
- Elaine Brown het die Party se koerant geredigeer en die hele organisasie van 1974 tot 1977 gelei.
- Ander vroue was by alle vlakke van organisering betrokke; hulle het geveg vir meer inklusiewe begrip van Swart Mag,
- Hulself bewapen en baie van die party se suksesvolste gemeenskapsprogramme gelei ...

[2 punte vir die standpunt + 4 punte vir TWEE bewysstukke] (6)

8.2 *Hoe het die Swart Mag-beweging onderwys gebruik om gelykheid te bevorder?*

[VLAK 2]

- Bevrydingskole is begin wat tradisionele vakke soos Wiskunde en Wetenskap onderrig het, maar lesse oor swart geskiedenis en rasse-ongelykheid ingesluit het. (2)

IEB Copyright © 2022

Verwys na Bron C

9. *Hoe bevestig die foto (Bron C) die stellings wat in Bron B gemaak word oor die gemeenskapswerk wat die Panthers gedoen het? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne.*

[VLAK 4, 5 EN VLAK 6]

- Bron B verwys na die Panthers wat kosspense oprig en Bron C toon kospakkies wat deur swart kinders opgemaak word.

[2 punte vir verwysing na bewyse in Bron B en 2 punte vir verwysing na bewyse in Bron C = 4. Bewyse moet korreleer.] (4)

10. *Verskaf 'n opskrif vir hierdie foto as dit in 'n Black Panther-koerant sou verskyn.*

[VLAK 3]
"Help die gemeenskap in Panther-styl"

[Enige akkurate opskrif wat Black Panther sal bevoordeel] (2)

Verwys na Bron D

11. 11.1 *Wie was Malcolm X? Gebruik jou eie kennis.*

[VLAK 1]

- Malcolm X was 'n prediker, menseregte-aktivis en prominente swart nasionale leier gedurende die 1950's en 1960's
- wat swart bemagtiging, swart oppergesag en die skeiding van swart en wit Amerikaners voorgestaan het, en die hoofstroom burgerregtebeweging in die openbaar gekritiseer het vir sy klem op geweldloosheid en rasse-integrasie.
- Hy het altyd gepoog om "die politieke bewussyn" van Afro-Amerikaners te verhoog en het mense ondersteun en aangemoedig om vir hul burgerregte te veg.
- Malcolm X was die woordvoerder van die NVI, maar in die 1960's het hy ontnugter begin raak met die Nasie van Islam, sowel as met sy leier Elijah Muhammad. Later het hy die Nasie van Islam in die openbaar verloën. (Breek in 1963 weg van NVI.)

[ENIGE TWEE biografiese punte wat aandui wie Malcolm X was in verhouding tot die burgerregte en Swart Mag-bewegings.] (4)

IEB Copyright © 2022

11.2 *Het die Nasie van Islam 'n positiewe impak op swart Amerikaners en burgerregtegroepe gehad? Verskaf TWEE bewyse uit die bron om jou antwoord te staaf.*

[VLAK 6]
Ja, die NVI het in 'n mate 'n positiewe impak gehad, omdat dit by baie swart Amerikaners aanklank gevind het:

- "… om NVI se uitbeelding van die 'wit duiwel' pertinent te maak vir 'n veel groter deel van swart Amerika …"
- "… die NVI se boodskap dat swart opheffing slegs deur 'n radikale skeiding van die strukture van wit onderdrukking kon kom, [het] steeds by baie aanklank gevind …"

Nee, die NVI het in 'n mindere mate 'n positiewe impak gehad, omdat dit ander burgerregtegroepe vervreem het, en dus 'n negatiewe uitwerking gehad het.

- "… die Nasie se lasterlike taal en sy voorspraak vir selfverdediging in plaas van geweldloosheid het dit vervreem van hoofstroom burgerregtegroepe …"
- "… Teen 1959 het Martin Luther King gewaarsku teen "n haatgroep wat in ons midde ontstaan het wat die leerstelling van swart oorheersing verkondig …"'

[2 punte vir die standpunt; 4 punte vir bewyse = 6] (6)

12. *Gebruik Bron E om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)*

[VLAK 2 EN VLAK 4]

12.1 *Is hierdie plakkaat 'n primêre of sekondêre bron?*

Primêre (2)

12.2 *Waarna verwys die woord "varke" in die byskrif?*

Polisie (2)

12.3 *Hoe kon Swart Mag-ondersteuners hierdie plakkaat beskou het?*

As 'n triomf – dit weerspieël hoe hulle oor die polisie gevoel het/ positief. (2)

12.4 *Hoe kon konserwatiewe wit Amerikaners hierdie plakkaat beskou het?*

As voorbeeld van die brutaliteit en geweld van die Swart Mag-beweging. (2)

12.5 *Noem EEN voordeel van die gebruik van plakkate om jou siening te bevorder.*

- Uiters sigbaar vir baie mense.
- Kan baie daarvan orals in die stad plaas.
- Kleur vang die oog – moeilik om mis te kyk. (2)

IEB Copyright © 2022

Verwys na Bron F en Bron H

13. *Soek 'n historiese konsep in Bron F of Bron H wat die beste by elk van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)*

[VLAK 2]

13.1 *Die doelbewuste doodmaak van 'n groot groep mense, veral dié van 'n bepaalde nasie of etniese groep, met die doel om daardie nasie of groep te vernietig.*

volksmoord (2)

13.2 *'n Groep of persoon wat wrede of onregverdige behandeling van ander beoefen.*

onderdrukker (2)

13.3 *'n Gedwonge omverwerping van 'n regering of sosiale orde, ten gunste van 'n nuwe stelsel.*

rewolusie (2)

13.4 *'n Deel van 'n stad, veral 'n digbevolkte krotbuurt, wat hoofsaaklik deur lede van 'n etniese of ander minderheidsgroep bewoon word.*

ghetto/krotbuurt (2)

13.5 *'n Openbare verklaring van beleid en doelwitte deur 'n politieke party.*

manifes (2)

14. *Verduidelik wat Huey Newton oor die doel van die oorlewingsprogramme in hierdie uittreksel sê. Verskaf DRIE punte.*

[VLAK 4]

- Dit is 'n tydelike maatreël om mense te help om in hul daaglikse behoeftes te voorsien.
- Dit sal hulle help om te oorleef.
- Wat uiteindelik die doel gedien het om die mense se bewussyn te verhoog en dan op te tree, "... die tyd sou aangryp ... ".
- Hulle sou die Panthers ondersteun om die gemeenskap te help om die ware aard van hul situasie te verstaan (onderdrukking deur wittes).

[ENIGE DRIE akkurate punte] (6)

IEB Copyright © 2022

Verwys na Bron G

15. 15.1 *Gebruik die bron en verduidelik hoe die Swart Mag-beweging 'n negatiewe impak op die stryd om burgerregte in die VSA gehad het. Gee TWEE punte en verskaf EEN aanhaling om ELKE punt te ondersteun.*

[VLAK 3 EN VLAK 4]
Die beweging se slagspreuk is deur sommiges as problematies geïnterpreteer:

- "… Die slagspreuk het vir die meeste mense nogal 'n kommerwekkende klank, met implikasies van geweld en ekstremisme en 'n blatante oproep tot rassisme …"
- "… niemand weet blykbaar presies wat dit beteken nie …"
- "… Dit is 'n treffende slagspreuk wat hom tot allerhande interpretasies kon leen afhangende van die onmiddellike behoeftes …"
- **Dit het gedreig om die beweging te laat skeur/verdeel**
- "… Die slagspreuk Swart Mag is voortdurend tydens die CORE-konvensie gebruik, en is volgens die pers daar onderskryf … Dit was duidelik dat iemand van Dr. Martin Luther King se mentaliteit … grootliks daarvan sou verskil, en hy het dadelik sy teenkanting bekend gemaak ..."
- "… Die belangrikste betekenis van Swart Mag is egter dat dit gedreig het om die burgerregtebeweging te verdeel …"
- "… Roy Wilkins, Uitvoerende Direkteur van die NAACP … het aan sy gehoor gesê dat die slagspreuk anti-wit mag beteken ... ons van die NAACP sal dit nie toelaat nie ..."

[2 punte elke vir TWEE voorbeelde van die negatiewe invloed korrek geïdentifiseer en verduidelik (4) en 2 punte elk vir twee aanhalings = 4] (8)

15.2 *Die bron beweer dat Dr. Martin Luther King Swart Mag sterk sou teëstaan.*

Gebruik jou eie kennis om EEN woord of frase te verskaf wat Dr. King se benadering wat tydens sy veldtogte gebruik is om burgerregte in die VSA te verkry, opsom.

[VLAK 1 EN VLAK 2]

- Satyagraha
- Lydelike verset
- Geweldloosheid
- Vreedsame weerstand (2)

IEB Copyright © 2022

Verwys na Bron H

16. 16.1 *Hoe betroubaar is hierdie bron vir 'n historikus wat die impak van die Swart Mag-beweging navors?*

[VLAK 6]
Om volpunte te behaal, moet melding gemaak word van oorsprong, bedoeling en vooroordeel/beperking in die bron.

- **Slegs in 'n mate betroubaar of betroubaar met sekere beperkings.**
- Uittreksel is van sir Harold Matthew Evans, 'n joernalis, skrywer en akademikus.
- Die bedoeling van die bron is skynbaar om kommentaar te lewer op die aard van die Black Panthers en hul leiers. 'n Verdere bedoeling kan wees om die verskil, soos hy dit sien, tussen die goeie werk wat die organisasie gedoen het en die kwaliteit van die leiers, uit te lig.
- Hy gee erkenning aan sommige programme wat die swart gemeenskappe in die VSA opgehef het en sê dat sommige van hul doelwitte prysenswaardig was en 'n mate van betroubaarheid aandui. Hy weerspieël egter sy bevooroordeelde perspektief teen die organisasie en hul leiers, wat die betroubaarheid van die bron beperk (relevante aanhaling dui op partydigheid), soos om hulle 'n "kriminele bende" te noem en na hul manifes te verwys as 'n konkoksie van die 'lofwaardige' en die 'belaglike', wat baie emosioneel is en die betroubaarheid van sy persepsies bevraagteken.
- Boonop is dit nie die volledige bron nie; dit is geredigeer en is slegs 'n uittreksel uit die oorspronklike. Die vooroordeel, doel, eensydige perspektief en redigering maak dit 'n onbetroubare bron as dit op sy eie gebruik word. (6)

Gebruik hierdie rubriek saam met bogenoemde riglyne.

5–6	**Evaluering/Beperking & Vooroordeel** Begryp die bron/erken die beperking/fokus op oorsprong en bedoeling en erken vooroordeel, om af te lei dat die bron beperkte betroubaarheid het. Moet 'n verwysing aanhaal/verskaf van vooroordeel in die bron, of vooroordeel van oorsprong en publikasie om 6 punte te verdien.
3–4	**Ontleding en Beperking** Toon die vermoë om die bron te begryp/erken oorsprong en/of bedoeling, en vae verwysing na die beperking van die bron as dit alleen gebruik word/geen poging om die bron te evalueer nie (vooroordeel, ens.)
1–2	**Begrip** Beskryf die inligting wat uit die bron verkry is/kan slegs die bron begryp, maar geen poging om die bron self te evalueer nie (beperkte bespreking van oorsprong of bedoeling).
0	Geen poging aangewend om die vraag te beantwoord nie.

(6)

IEB Copyright © 2022

16.2 *Gebruik Bron H sowel as jou eie kennis om te sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)*

[VLAK 1 EN VLAK 2]

16.2.1 *Kapitalisme verwys na 'n ekonomiese stelsel waar die staat volkome beheer oor produksie en verspreiding van goedere en dienste het.*

ONWAAR (2)

16.2.2 *Bron H erken die positiewe impak van die Panthers.*

WAAR (2)

16.2.3 *Panther-leiers was by onwettige bedrywighede betrokke.*

WAAR (2)

16.2.4 *Malcolm X word gekrediteer dat hy die term "Swart Mag" eerste gebruik het.*

ONWAAR (2)

16.2.5 *Die FBI se teen-intelligensieprogram (COINTELPRO) was deels verantwoordelik vir die agteruitgang van die Black Panther-party.*

WAAR (2)

90 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

VRAAG 17

Gebruik Bron A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate kan die impak van die Swart Mag-beweging as positief beskou word?

Maak seker dat jy die bronne wat verskaf word, gebruik om jou argument te konstrueer en onthou om die bronne se letters as verwysings te gebruik.

[VLAK 2, 3, 4, 5, 6]

Die opstel word holisties nagesien met behulp van die IEB-brongebaseerde opstelrubriek met die memorandum as riglyn.

- Kandidate kan argumenteer dat die Swart Mag-beweging se impak **IN 'N MEERDERE MATE** as positief beskou kan word.
- Baie van hul programme soos hul oorlewingsprogramme en die ander gemeenskapsgebaseerde programme het swart Amerikaners opgehef en 'n organiseringshulpmiddel vir Swart Mag-organisasies soos die Black Panthers verskaf.
- Die Swart Mag-beweging het idees gesteun wat kuns- en kultuurprogramme bevorder het en programme wat swart Amerikaners aangemoedig het om trots op hul kultuur en erfenis te wees en om hulself as mense te waardeer.
- Die Swart Mag-beweging het **IN 'N MINDERE MATE** 'n positiewe impak gehad omdat hul beeld by sommige mense vrees ingeboesem en tot strenger optrede gelei het. Deur hul optrede het verskeie organisasies soos die Black Panthers, wat deel van die Swart Mag-beweging was, se gewildheid en impak redelik vinnig getaan, as gevolg van binnegevegte en die misdadige optrede van sy leiers.

OF

- Kandidate kan argumenteer dat die Swart Mag-beweging se impak **IN 'N MINDERE MATE** as positief gekenmerk kan word,
- deurdat hul beeld vrees by sommiges ingeboesem het, wat tot strenger optrede gelei het. Deur hul optrede het verskeie organisasies soos die Black Panthers, wat deel van die Swart Mag-beweging was, se gewildheid en impak redelik vinnig getaan, as gevolg van binnegevegte en die misdadige optrede van sy leiers.
- Die Swart Mag-beweging het **IN 'N MEERDERE MATE** 'n positiewe impak gehad deurdat baie van hul programme soos hul oorlewingsprogramme en die ander gemeenskapsgebaseerde programme swart Amerikaners opgehef het en 'n organiseringshulpmiddel vir Swart Mag-organisasies soos die Black Panthers verskaf het.
- Die Swart Mag-beweging het idees gesteun wat kuns- en kultuurprogramme bevorder het en programme wat swart Amerikaners aangemoedig het om trots op hul kultuur en erfenis te wees en om hulself as mense te waardeer.

IEB Copyright © 2022

POSITIEWE IMPAK	**NEGATIEWE IMPAK**
Meerdere/Mindere mate	**Meerdere/Mindere mate**
A – "… Die Swart Mag-beweging het 'n keerpunt in swart-wit verhoudings in die Verenigde State aangedui en ook in hoe swartes hulself beskou het …" **(m.a.w. meer positief)** "… Die Swart Mag-beweging het 'n gevoel van rassetrots en selfrespek by swartes gevestig … Swart Mag-voorstanders het swartes aangemoedig om algehele swart politieke partye te vorm of daarby aan te sluit wat 'n formidabele magsbasis en 'n grondslag vir ware sosio-ekonomiese vooruitgang kon bied … Dit was nou tyd vir swartes om hul eie agenda te bepaal en hul behoeftes en aspirasies eerste te stel …" "… Die beweging het tot 'n aantal **positiewe ontwikkelings** gelei. Die noemenswaardigste hiervan was waarskynlik die invloed op swart kultuur ..." "Vir die eerste keer is swartes in die Verenigde State aangemoedig om hul Afrika-**erfenis** te erken. Kolleges en universiteite het **swartstudie-programme en -departemente** gestig. Swartes wat grootgeword het met die oortuiging dat hulle van 'n agtergeblewe volk afstam, het nou besef dat die Afrika-kultuur so ryk en divers soos enige ander was, en hulle is **aangemoedig om trots op daardie erfenis te wees**." "Die **Swartkuns**-beweging, wat deur sommige beskou is as deel van die Swart Mag-beweging, het in die 1960's en 1970's floreer. Jong swart digters, skrywers en visuele kunstenaars kon uiting gee aan hul kreatiwiteit en dit met ander deel … "	**A –** "… Dieselfde gees van rasse-eenheid en trots wat die Swart Mag-beweging so dinamies gemaak het, het dit ook problematies gemaak – en **vir sommige** selfs **gevaarlik**." "Baie wittes, en 'n aantal swartes, het die beweging as 'n swart **separatistiese** organisasie beskou wat daarop gemik was om swart en wit te segregeer en die belangrike werk van die burgerregtebeweging ongedaan te maak ... Die oplossings wat sommige Swart Mag-leiers voorgestaan het, het egter **net nuwe probleme geskep**. Party … het voorgestel dat swartes paramilitêre opleiding ontvang en wapens dra om hulself te beskerm. Alhoewel hierdie individue volgehou het dat die voorstel uitsluitlik ter wille van selfverdediging was en nie 'n oproep tot geweld nie, was dit steeds **ontstellend om te dink aan gewapende burgerlikes wat vrylik in die strate rondloop**." " ... die Swart Mag-beweging … het geen **sentrale leierskap** gehad nie, wat beteken het dat verskillende organisasies met uiteenlopende agendas **dikwels nie kon saamstem** oor die beste manier van optrede nie. Hoe meer radikale groepe die hoofsaaklik hoofstroomgroepe daarvan beskuldig het dat hulle voor wittes buig, hoe meer het die hoofstroomgroepe die radikales daarvan beskuldig dat hulle gretig was om geweld te gebruik. Teen die 1970's het die meeste **formele organisasies** wat saam met die Swart Mag-beweging op die voorgrond getree het, soos die SNCC en die Black Panthers, **feitlik heeltemal verdwyn**." **"Die Swart Mag-beweging het nie … gehelp om diskriminasie of rassisme te beëindig nie." (negatiewe impak).**

IEB Copyright © 2022

B – Positiewe voorbeelde: "... Terwyl die Panthers teen polisiebrutaliteit opgestaan het, het hulle ook baie in gemeenskaps-organisasie en -hulp belê. Hul gratis ontbytprogram het duisende honger kinders voor skool gevoed; hulle het gesondheidsklinieke, kinderontwikkelingsentrums en kosspense opgerig. Hulle het plaagbeheer hanteer, jasse en skoene in die winter geskenk en 'n gratis busdiens ingestel vir mense om hul ingeperkte familielede of geliefdes in tronke te besoek …" "… Onderwys was ook 'n belangrike deel van die Black Panthers se missie: hulle het "bevrydingskole" implementeer, wat tradisionele vakke soos wiskunde en wetenskap met leringe oor swart geskiedenis en rasse-ongelykheid integreer het …" "… Vroue het 'n noodsaaklike rol in die party gespeel ... Elaine Brown het die party se koerant geredigeer en die hele organisasie van 1974 tot 1977 gelei. Ander vroue was op alle vlakke van organisering betrokke…"	
C – Toon die kosspense, pakkies kos vir verspreiding aan behoeftiges in die swart gemeenskappe – opgestel deur die Black Panthers.	**C** – Moontlik – gebruik van kinderarbeid deur die Black Panthers.
D – Sommige swart Amerikaners het aanklank gevind by die boodskap van die NVI se "wit duiwel"-boodskap. Malcolm X het die NVI gewild gemaak. Dus, 'n mate van 'n positiewe impak.	**D** – NVI – taal- en selfverdedigingstandpunt het dit van baie vervreem = dus 'n negatiewe impak, nie juis positief nie. Selfs MLK het gewaarsku dat dit 'n "haatgroep" is.
E – Vir baie swart Amerikaners verteenwoordig die plakkaat krag, optrede teen gewelddadige polisie en onderdrukkers. DUS het dit dalk as 'n Black Panther (SMB) plakkaat 'n positiewe, inspirerende effek gehad.	**E –** Vir baie wit Amerikaners het die plakkaat dalk vrees en terreur ingeboesem en hul houding teenoor swartes het dalk verhard. Dus, 'n negatiewe effek.
F – Daar was baie **oorlewingsprogramme** om te help met daaglikse behoeftes en om huidige omstandighede te oorleef, maar die uiteindelike doel was **verandering** – 'n soort rewolusie: "hangende rewolusie" – dus vir swart Amerikaners 'n positiewe impak in die stryd om gelykheid: "... Die oorlewings-programme is dus nie antwoorde of oplossings nie, maar dit sal ons help om die gemeenskap te organiseer rondom 'n **ware ontleding en begrip van hul situasie**. Wanneer bewussyn en begrip tot 'n hoë vlak verhef word, sal die gemeenskap die tyd aangryp en hulself van die houvas van hul onderdrukkers verlos ..."	

IEB Copyright © 2022

	G – Toon die **skeuring in die Swart Mag-beweging**: die slagspreuk "Swart Mag" was vir sommiges kommerwekkend, het vrees ingeboesem, het vae betekenis gehad, kon op enige manier geïnterpreteer word – veral deur mense wat dit vir hul eie doeleindes wou gebruik; MLK het nie daarmee saamgestem nie en ander soos Roy Wilkins, het gesê dit is anti-wit en hy wou niks daarmee te doen hê nie.
H – 'n Mate van ondersteuning om 'n positiewe impak te toon in die stryd om gelykheid. "… Daar was aanvanklik onmiskenbare steun vir die Panthers in die ghetto's regoor die land. Hulle het gratisontbytprogramme ingestel, 'n leersentrum, werkprogramme …" "… Hul manifes was 'n konkoksie van die **prysens-waardige** en die belaglike: beter behuising en die vrylating van "alle swart mans" wat in tronke aangehou word, die vrystelling van alle swartes van militêre diens en "'n einde aan die roof van die kapitaliste van jou swart gemeenskap" ... die Panthers se eis vir 'die beëindiging van polisie-terrorisme" was gewild ... en dit is opgevolg deur gewapende Panthers wat die strate moes patrolleer om swartes teen teistering te beskerm …"	**H – Enkele negatiewe sienings van die impak, met voorbeelde om te ondersteun:** **Spottende toon dui op moontlike ongeloof dat die doelwitte bereik kon word of dat die impak gering was:** "… Hul manifes was 'n konkoksie van die **prysenswaardige** en die belaglike: beter behuising en die vrylating van "alle swart mans" wat in tronke aangehou word, die vrystelling van alle swartes van militêre diens en "'n einde aan die rooftogte van die kapitaliste van jou swart gemeenskap" ... die Panthers se eis vir "die beëindiging van polisie-terrorisme" was gewild ... en dit is opgevolg deur gewapende Panthers wat die strate moes patrolleer om swartes teen teistering te beskerm …" **Leiers het 'n negatiewe (minder as positiewe) invloed gehad, gegewe hul swak gedrag:** "… Tog was die Panthers geen engele nie ... die leierskap het eerder soos 'n misdadige bende as toegewyde revolusionêres opgetree. Hulle het die waardige pogings van die mense wat die krotbuurtprogramme bestuur het, verraai. … Cleaver het beweer dat hy wit vroue as revolusionêre optrede verkrag het … Hy het die hinderlaag van 'n polisieman van Oakland beplan … na Algerië gevlug en teruggekom om tronkstraf daarvoor en vir ander inbrake uit te dien …" "… Newton was 'n dwelmslaaf en alkoholis … Nadat hy tronkstraf opgelê is vir 'n verwarrende skietvoorval waarin 'n polisieman gesterf het, het hy 'n radikaal geword … Newton is na drie jaar op 'n tegniese punt uit die tronk vrygelaat en het later erken dat hy skuldig was aan die skietery … Hy het Seale uit die party geban, hom met 'n bulsweep geslaan. Die oorblywende personeellede het in vrees en bewing vir Newton gelewe ..."

50 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2022

GENERIESE RUBRIEK VIR DIE BRONGEBASEERDE OPSTEL

	Argument + fokus	Gebruik van bronne	Teenargument (T/A)	Struktuur + styl	Hoofindruk
7+ **90–100%** **45–50**	Neem standpunt in. Hou standpunt deurgaans vol. Behou duidelike en konsekwente fokus. Verstaan alle aspekte van die vraag. Skakel bronne en vraag baie goed aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne om argument en teenargument te staaf. Haal selektief aan waar toepaslik.	Bespreek T/A volledig. Erken T/A in inleiding en slot. Skakel T/A deurgaans met hoofargument.	Kort inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkings-vermoë vlot.	Opstel is logies, samehangend en bondig. Dit toon uitstekende historiese insig en begrip.
7 **80–89%** **40–44**	Neem standpunt in. Hou standpunt vol, met geringe dwalings wat nie afbreuk doen aan die begrip of fokus nie. Skakel bronne en vraag goed aaneen.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Soos hierbo.	Opstel is duidelik en akkuraat, alhoewel die styl nie altyd bondig is nie. Dit toon baie goeie historiese insig en begrip.
6 **70–79%** **35–39**	Neem standpunt in. Fokus op die vraag, maar mag enkele dwalings in fokus of bedoelde fokus hê wat van die argument afwyk. Skakel bronne en vraag aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede uit die bronne, maar daar is soms leemtes of geringe afwykings in bewyslewering. Haal selektief aan waar toepaslik.	Identifiseer T/A.	Inleiding en slot wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel is 'n goeie poging, maar diepte ontbreek. Dit is oor die algemeen vloeiend, maar beperkte herhaling kom voor. Enkele beperkings in historiese insig en begrip kom voor.
5 **60–69%** **30–34**	Poog om standpunt in te neem. Leemtes in fokus of gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Argument is nie konsekwent nie, of oppervlakkig Toon geringe bewys dat bronne en vraag aaneenskakel.	Gebruik die meeste bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Beskryf of parafraseer bronne eerder as om inligting daaruit te gebruik. Gebruik te veel lang aanhalings uit die bronne.	Identifiseer T/A, maar nie volledig nie. Laat sommige aspekte van T/A uit.	Inleiding en gevolgtrekking teenwoordig, maar gebrekkig. Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel poog om die vraag te beantwoord, maar is nie deurgaans vloeiend en akkuraat nie. Dit toon basiese insig, maar daar is beperkte historiese begrip.

IEB Copyright © 2022

4 **50–59%** **25–29**	Neem swak standpunt in. Gebruik bygevoegde/ geïmpliseerde fokus. Wend 'n swak poging aan om bronne en vraag aaneen te skakel.	Laat 2 of 3 bronne uit. Beskryf of lys bronne eerder as om inligting daaruit toepaslik te gebruik. Gebruik ontoepaslike of te lang aanhalings. Bondel* bronne saam.	Identifiseer T/A op basiese vlak.	Swak inleiding en slot. Inleiding OF slot ontbreek. Strukturele probleme (bv. gebrek aan paragrawe.) Uitdrukkings-vermoë bevredigend.	Opstel toon oppervlakkige begrip van vraag. Daar is min bewys van historiese begrip en insig.
3 **40–49%** **20–24**	Wend 'n powere poging aan om standpunt in te neem. Weinig poging om te fokus. Toon min begrip van argument. Bevat onjuisthede. Leemtes in argument. Poog onsuksesvol om bronne en vraag aaneen te skakel.	Gebruik slegs die helfte van die bronne. Het swak begrip van bronne. Gebruik weinig toepaslike aanhalings.	Het geen T/A nie of dit is oorvereenvoudig.	Strukturele probleme. Inleiding en/of slot ontbreek. Uitdrukkings-vermoë swak.	Opstel is moeilik om te lees of die argument is moeilik om te volg. Dit toon 'n gebrek aan begrip van die vraag, of hoe om die bronne te gebruik om die vraag te beantwoord.
2 **30–39%** **15–19**	Wend geen poging aan om standpunt in te neem nie. Fokus nie op vraag nie. Onvermoë om bronne en vraag aaneen te skakel.	Gebruik baie min bronne. Het 'n baie swak begrip van bronne.	Soos hierbo.	Strukturele probleme. Uitdrukkingsvermoë baie swak.	Opstel toon geen begrip van historiese kwessies soos in die bronne aangetref nie. Dit toon weinig begrip van die vraag, maar kandidaat het gepoog om sommige inligting in die bronne te gebruik.
1 **0–29%** **0–14**	Wend geen poging aan om te fokus nie. Verstaan die vraag glad nie.	Gebruik slegs een of geen bronne nie. Skynbaar nie in staat om relevante bronne te gebruik nie.	Geen T/A nie.	Strukturele probleme. Uitdrukkings-vermoë uiters swak.	Opstel toon uiters gebrekkige begrip van bronne of van vraag, of hoe die twee aaneenskakel.

- Lys bronne – gebruik bronne alfabeties eerder as om dit te groepeer ter ondersteuning van die argument of teen-argument, bv. Bron A toon …; Bron B beweer …; Volgens Bron C ...; In Bron D … ens.
- Bondel bronne saam – hanteer verskeie bronne gelyktydig eerder as afsonderlik, en gee daarmee te kenne dat almal dieselfde ding sê, Bronne A, C, F en H.

IEB Copyright © 2022